

POLICY 015/2016 RAADSBELEID

MUNICIPALITY DAWID KRUIPER MUNISIPALITEIT

SUBJECT/ONDERWERP: **AFHANDELING VAN VERKEERSBOETES VERKRY DEUR
RAADSAMPTENARE**

REFERENCE/VERWYSING: **17.3.B**

RESOLUTION NR/BESLUIT NO: **30/10.2/2016 (SCM)** DATE/DATUM: **26 October 2016**

BELEIDISOOGMERK: Om bestuurders van Raadsvoertuie te verplig om boetekaartjies deur hulle gekry met Raadsvoertuie, af te handel.

BELEIDSFILOSIE

Om deur middel van die toepaslike Padverkeerswetgewing en Strafproseswetgewing bestuurders van Raadsvoertuie te kry om hul boetes af te handel wat hulle met Raadsvoertuie gekry het sodat die Munisipale Bestuurder, wie die verantwoordelike persoon vir hierdie voertuie is, nie gedagvaar word of in die hof moet verskyn nie.

RIGLYNE

- 1 Van tyd tot tyd ontvang Raadsamptenare boetekaartjies met Raadsvoertuie wat aan hulle uitgereik is. Die Munisipale Bestuurder is die verantwoordelike persoon vir alle Raadsvoertuie, en derhalwe word kennisgewings voor dagvaarding aan hom/haar gestuur vir boetes verkry deur Raadsamptenare wat hierdie Raadsvoertuie bestuur het.
- 2 Dit is die verantwoordelikheid van elke Raadsamptenaar om die Raad se voertuig op so 'n manier of wyse te bestuur dat hy/sy nie boetes kry met die Raad se voertuig wat aan hom/haar uitgereik is en sy/haar verantwoordelikheid is nie.
- 3 'n Amptenaar wat 'n Raadsvoertuig bestuur en bewus word dat hy/sy met hierdie betrokke voertuig, 'n boetekaartjie ontvang het, is verplig om hierdie proses af te handel.
- 4 Volgens die Strafproseswet, Wet 51/1977, moet 'n 341 kennisgewing voor dagvaarding binne 30 dae van die pleeg van die beweerde oortreding aan die beweerde oortreder dmv die pos gestuur word.
- 5 Tussen 30 dae en 6 maande soos deur die Hoof of Senior Landdros van sy/haar streek bepaal, moet 'n Artikel 54 dagvaarding op die beweerde oortreder persoonlik of nie-persoonlik gedien word.
- 6 Indien die beweerde oortreder nie die boete betaal nie en ook nie die hofverrigtinge bywoon nie, sal 'n lasbrief vir die beweerde oortreder se inhegtenisname gemagtig word.

PROSEDURE

- 1 Omdat die Munisipale Bestuurder volgens die Nasionale Verkeersinligtingstelsel (Navis), die verantwoordelike persoon is vir alle Raadsvoertuie, sal die eerste kennisgewing (341 kennisgewing) aan die adres van die Munisipaliteit gestuur word en in die naam van die Munisipale Bestuurder.
- 2 Hierdie kennisgewing moet sonder versuim deur wie dit ookal ontvang aan die Verkeersafdeling stuur vir verandering van naam en adres. Hierdie kennisgewing sal in 'n register geskryf word en 'n afskrif van die kennisgewing sal by die Verkeersafdeling gehou word.
- 3 Hierdie kennisgewing moet deur die Verkeersafdeling sonder versuim aan die Vervoer & Bedryfsbeampte gestuur word sodat hierdie persoon eerstens kan identifiseer wie die voertuig bestuur het en tweedens agterop die dokument die inligting van die bestuurder kan bevestig.
- 4 Die inligting wat bevestig moet word: Naam, Van, IDnommer, adres en telefoonnommer van die beweerde oortreder en/of bestuurder.
- 5 Na afhandeling van die proses moet die oorspronklike 341 kennisgewing sonder versuim teruggestuur word na die Verkeersafdeling wat dit dan na die Verkeersowerheid sal stuur wat die boetekaartjie uitgereik het.
- 6 Volgens die Vervolgingsgesag riglyne moet die Owerheid wat die boetekaartjie uitgereik het, 'n bevestiging aan die Munisipaliteit stuur dat die verandering van naam en adres wel gedoen is. Dit sal gedoen word met die uitreiking van 'n tweede 341 kennisgewing voor dagvaarding, direk aan die persoon wat die voertuig bestuur het en die beweerde oortreding gepleeg het.
- 7 In die geval waar 'n beweerde oortreder 'n 341 kennisgewing (pienkkaartjie) ontvang is dit sy/haar verantwoordelikheid om of die boete te betaal, sonder versuim verandering van naam en adres op hierdie pienkkaartjie te doen en dit by die Verkeersafdeling Dawid Kruiper inhandig sodat die Verkeersafdeling dit stuur na die Verkeersowerheid waar hy/sy die kaartjie ontvang het sodat die Owerheid die verandering op hul Verkeersinligtingstelsels kan aanbring. Geen Artikel 341 kennisgewing (rekenaar gedruk of pienkkaartjie) mag in die naam van die Munisipale Bestuurder gelos word sodat hy/sy gedagvaar kan word om in die hof te verskyn.
- 8 Indien 'n beweerde oortreder verhoë rig teen die boetekaartjie moet hy/sy by uitslag van die verhoë, indien die saak nie teruggetrek word nie, dan besluit of hy/sy die saak gaan verdedig in die hof of die boete gaan betaal.
- 9 Indien 'n Artikel 54 kennisgewing (dagvaarding) teen die beweerde oortreder uitgereik is, moet hy/sy besluit of hy/sy die saak gaan verdedig in die hof of die boete gaan betaal.
- 10 Onder geen omstandighede mag die beweerde oortreder, indien hy/sy nie die boete betaal nie, die hof minag nie en toelaat dat daar 'n lasbrief vir die Munisipale Bestuurder se inhegtenisname gemagtig word nie.
- 11 Indien die Munisipale Bestuurder gedagvaar word vir 'n boetekaartjie verkry deur 'n amptenaar omdat die beweerde oortreder nie verandering van naam en adres gedoen het nie en die Munisipale Bestuurder later in die hof moet verskyn, kan 'n departementele ondersoek teen die beweerde oortreder gehou word en hy/sy kan moontlik van wangedrag aangekla word.

ROLLE

1. Die Munisipale Bestuurder of sy gedelegeerde
2. Direkteur Ontwikkelingsdienste
3. Direkteur Korporatiewe Dienste
4. Direkteur Tegnieuse Dienste
5. Senior Bestuurder Menslike Hulpbronne
6. Die Vervoer & Bedryfsbeampte
7. Hoof Verkeersdienste
8. Hoofklerk/Klerk van die Hof
9. Erkende vakbonde
10. Die Raad

VERWANTE BELEID

Geen